

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!



UITGAWE 201 · 21 FEBRUARIE 2020

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Ek wil graag die volgende sake onder u aandag bring:

VERSLAG

Elke leerder sal vandag 'n verslag in verband met sy/haar vordering in Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid ontvang. Dit is elke ouer se plig om hierdie verslag met u kind goed te bestudeer. Indien daar enige navrae is, kan u die volgende personeel per e-pos kontak:

Mev. M. Janse van Rensburg Graad 8-9 (margajvr@gmail.com)

Mev. C. Loftus Graad 10-12 (cloftus@framesby.co.za)

Mnr. P. Smit WG Gr 10-12 (smitpc@gmail.com)

AFWESIGHEID

Indien leerders laat kom, sal hulle in voogklasse afwesig gemerk word. Hulle MOET egter by die Algemene Kantoor aanmeld voordat hulle by die klasse aansluit. Dit is baie belangrik, want alle afwesige leerders se ouers word elke dag geskakel.

SPORT

Ouers is welkom om oefeninge by te woon, maar respekteer asseblief die volgende:

- Hou 'n redelike afstand van die oefenveld. Dit is belangrik dat afrigters hul werk kan doen-in baie gevalle sonder betaling.
- Vermý aanmerkings teenoor spelers. Dit is ànder ouers se kinders.
- Vermý aanmerkings teenoor die afrigters. Geen afrigter gaan veld toe om spelers te benadeel nie.
- Vermý negatiewe lyftaal wat as afbrekend deur afrigters en spelers beskou kan word.
- Spankeuses is die afrigters se voorreg. Ondersteun hulle hier in. Ons kan nie daarby inmeng nie en het bekwame afrigters betrek om te help.

Indien u u aan bogenoemde skuldig maak, is u 'n verleentheid vir u kind wat dit nie verdien nie. Indien daar wel 'n probleem is, kontak my en ons sal na u luister. Onthou egter dat dit slegs 'n sport is.

AFRIKAANS

VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

SATERDAG

Tiaan De Bruin Gr8
Larushé Grigor Gr10
Jason Laubscher Gr8
Mieke Ollewagen Gr12
Madelein Venter Gr9

SONDAG

GEEN

MAANDAG

GEEN

DINSDAG

Kayleigh Erasmus Gr9
Gustav Roux Gr10
Zurika Ruddy Gr11
Evan Strydom Gr10

WOENSDAG

Dillon Els Gr10

DONDERDAG

Jeneque Blom Gr11
Kayla Ferreira Gr12
Monique Ferreira Gr12

VRYDAG

Jaco van Greunen Gr11

BELANGRIKE DATUMS

28 Februarie 2020
Gr8 2021 aansoeke open

7 April 2020
Bekendstellingsaand

10 Novemeber 2020
Gr8-Inligtingsaand

HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR


SUNRIDGE
VILLAGE
where everybody knows your name

SUNRIDGE VILLAGE

Sunridge Village · Centre Management 041 360 9442

Daar is 'n kommerwekkende neiging by die meeste van ons leerlinge om nie vir Afrikaans te studeer nie aangesien hulle moontlik dink dat dit nie nodig is vir 'n moedertaal nie. Dit kom duidelik na vore in die swak punte wat hulle behaal. Die nuwe leerplan se inhoud is van so 'n aard dat daar baie klem op taalwetenskap sowel as literatuurwetenskap geplaas word. Beide hierdie studierigtings vereis dééglrike en volgehoue studie. Slegs dán kan daar sukses behaal word. Verder word daar baie hoë slaagvereistes aan Afrikaans Huistaal gestel. In die junior fase (gr 8 & 9) word 50% vereis, terwyl 40% in die senior fase (gr 10–12) behaal moet word. Indien 'n leerling nie aan hierdie vereistes voldoen nie, slaag hy nie sy betrokke graad nie.

Vir alle leerders word daar Meimaand in die namiddag 'n opskerpingsweek in Afrikaans aangebied. Dit is dus die leerder se verantwoordelikheid om hierdie klasse by te woon. Daar kan ook 'n studiehulpjids by die departementshoof van Afrikaans bestel word. Ouers, hier rus 'n groot verantwoordelikheid op u skouers. Maak seker dat Afrikaans 'n prioriteit op u kind se huiswerkrooster is.

GRAAD 8

Dit is belangrik dat ons Graad 8-leerders verantwoordelikheid vir hul huiswerk neem. Maak dus asseblief seker dat leerders hulle huiswerk in hul dagboekie aanteken en kontroleer dit ook by die huis.

AKADEMIE

Ons toetsreeks begin op 6 Maart 2020 en eindig 13 Maart 2020. Ouers, dit is belangrik dat u sal toesien dat u kind(ers) hom/haar nou al hiervoor begin voorberei.

Vriendelike groete
Mnr. M. Germishuys

Framesby Gholf vaar goed!

Framesby se gholfers glimlag breed na 'n suksesvolle toernooi. Die toernooi is oor die naweek van 14 - 16 Februarie op die Fynbos gholfbaan te Eersterivier gespeel.

Die toernooi word oor 45 putjies beslis: Beurtspel en Parespel op Saterdag (27) en enkelspelwedstryde (18) op Sondag. Spelers speel vanaf 0 voorgee op die Stableford puntetoekenningsmetode. Na afloop van Saterdag se wedstryde was Hoërskool Port Alfred die voorloper met 100 punte en Framesby en Daniël Pienaar gesamentlik tweede met 'n totaal van 91 punte. Die finale uitslag na Sondag se wedstryde is: Port Alfred 185, Framesby 183 en DP 174.

Baie geluk aan Framesby met die mooi terugvegping, maar ook geluk aan Port Alfred wat onder groot druk genoeg gedoen het om te kon wen.



Framesby Gholfspan

FRAMESBY IS TROTS OP...

UITSLAE VIR DIE WEEK

TENNIS:

Seuns:

Tweedspan wen Brandwag 11 - 2

Derdespan wen DP 8 - 4

Vierdespan en St Dominics het wedstryd gestop

Vyfdespan wen Alex 10 - 2

Dogters:

Eerstes speel gelykop teen Pearson, maar wen met potte

Tweedspan wen teen Brandwag 14 - 0

Derdes verloor teen Theodore 10 - 2

SWEM:

B-Liga Gala

Die volgende swemmers het eerste plekke behaal: Elanca van Jaarsveld, Hugo Notnagel, IP vd Merwe, Juwan Wium en Zanri Black.

KRIEKET:

vs Woodridge

Tweedspan

Woodridge wen die loot en kolf eerste. Hulle behaal 66 - almal uit. Beste boulders: Neels Greeff 6/20, en Dillon Esterhuizen 3/12 . Framesby behaal 67/3. Beste kolwer: Jayden Smit 28 . Framesby wen met sewe paaltjies.

o.14 A-Span

Framesby wen die loot en boul eerste. Woodridge behaal 136 -almal uit. Beste boulders: Xavier Massyn 2/17 en Taine Douw 3/36. Beste kolwers was Christiaan van der Walt met 44 en Hanro van Jaarsveld met 41. Framesby wen met vyf paaltjies.

o.15 A-Span

Woodridge kolf eerste en word uit geboul vir 125 na 41.4 boulbeurt. Beste boulders: Juan Grigor 4/25 en Teagon Ludwig 3/15. Framesby kolf en teken 127-9 na 37.3 boulbeurt. Beste kolwers: Reghardt Viljoen 30 lopies en Zandre Delpont 15 lopies. Framesby wen met een paaltjie.

Eerstespan

Woodridge behaal 171 lopies - almal uit. Beste boulders JP Snyman 3/37 en Zander van Rooyen 3/25. Framesby 87 lopies - almal uit. Beste kolwer Cuan Gerber met 33 lopies. Framesby verloor met 84 lopies.

vs Westering:

o.14 B-Span

Framesby behaal 119/3. Beste kolwer: Liaan Labuschangbe 45*. Westering 75/7. Framesby wen met 44 lopies.

vs Otto Du Plessis A

o.15 B-Span

Otto behaal 72 lopies. Framesby kry 73/9. Beste kolwer John Nicholas met 25*. Framesby wen met een paaltjie.

vs St.Dominic's 1

Derde Span

St.Dominics kry 178/4. Beste boulders Dean Verwey en Stefan de Jager met twee paaltjies elk. Framesby 87 almal uit. Beste kolwer: Corne Cloete met 42 lopies. Framesby verloor met 63 lopies.

BUITESPORT PRESTASIE:

OPEN WATER SWIMMING

Xander Myburgh en Chloe Steyn is gekies om Oos Kaap by die 2020 se SA Open Water Nationals, te verteenwoordig. Dit vind 7-8 Maart plaas. Albei sal op 7 Maart die 3km swem aanpak.

KARATE

Jonathan du Plessis (Gr.8C) het aan die OP-proewe vir karate deelgeneem. In beide sy afdelings(Kata en Kumite) vir sy ouderdomsgroep (13 - 14 jaar) het hy gewen. Hy gaan 21 en 22 Maart sy provinsie in Durban by die KSA Nationals verteenwoordig.

DAGBOEK DIÉ DATUMS

FRAMESBY EN HAVAL .. KLEURWEDLOOP.. 28 FEBRUARIE 2020



HOËRSKOOL FRAMESBY
RUGBY-AFSKOP STEAKBRAAI
Heerlike steak, broodrolletjie en slaai!

7 MAART 2020 R100 PP 16:00

*Pawiljoensaal · Kortantkroeg
Big Screen Super Rugby*

RSVP 28 FEBRUARIE · CHRISTO 082 304 5229

*BRING EIE EETGEREI



FOV bied aan
Eerste Ondersteuners
Burger Braai 2020

FEB 21

ALMAL WELKOM !

FOV Klubhuis (vanaf 18:00)

- Kom geniet Burgers & Chips saam met ons.
- Kontantbreeg beskikbaar.

BURGER & CHIPS
R30

FOV

PROGRAM VIR DIE KOMENDE WEEK.

SATERDAG
22 FEB

- Atletiekliga 5
- Atletiek
Metrobyeenkoms
- Tennis
Bredasdorp
- Krieket
Nico Malan

SONDAG
23 FEB

- Tennis
Bredasdorp

MAANDAG
24 FEB

- Ghofliga

DINSDAG
25 FEB

- VCSV
Koffiekroeg
- Dogterskrieket
Gelvandale (T)

WOENSDAG
26 FEB

DONDERDAG
27 FEB

- Junior English
Debating
- Dogterskrieket
Gelvandale (T)

VRYDAG
28 FEB

- Filantropie

Build it ***Sunridge***



***Your Building
Solution Priced
Right***

041-360-9790